

Kritiek op Jaap Durand se boek *Evolusie, Wetenskap en Geloof. 'n Biografiese inleiding tot die denke van Teilhard de Chardin*

Deur Wynand Louw

Inhoud

Inleiding.....	1
Die doel van die boek.....	1
Feite oor Teilhard wat Durand grootliks verswyg.....	3
Teilhard as New Age guru.....	3
Teilhard se wêreldbeeld.....	5
Die New Age wêreldbeeld.....	6
Teilhard, die New Age en Mistisme.....	7
Gevolgtrekking.....	8
Notas.....	11

Inleiding

Jaap Durand se boek *Evolusie, Wetenskap en Geloof. 'n Biografiese inleiding tot die denke van Teilhard de Chardin*, is onlangs deur Bybel Media uitgegee. Bybel Media is nie 'n sekulêre of onafhanklike uitgewer nie, dit behoort 100% aan die NG Kerk en word in 'n groot mate uit skenkings en erflatings van NG Kerk lidmate finansier. Mens kan dus sê dat die NG Kerk amptelik die boek uitgegee het. Die boek is ook hoog aangeprys in Kerkbode, die amptelike mondstuk van die NG Kerk. Dit sou dus redelik wees vir die gemiddelde lidmaat om aan te neem dat Durand die amptelike siening van die NG Kerk verteenwoordig.

Die doel van die boek.

Durand stel dit baie duidelik in die inleiding dat die doel van sy boek is om 'n positiewe bydrae in die gesprek oor godsdiens se verhouding tot die wetenskap te maak. Die eerste hoofstuk van die boek word daaraan gewy om die probleem van die konflik tussen wetenskap en geloof te beskryf. En Durand bied Teilhard se filosofie aan as 'n moontlike oplossing.

Daar is 'n goeie rede waarom Teilhard de Chardin, 'n Rooms-Katolieke monnik wat reeds meer as 50 jaar oorlede is, juis nou ons aandag vra: Dalk bied hy 'n antwoord op van die fundamentele vrae wat ons vandag nog vra, opnuut of vir die eerste keer.

In sy beskrywing van die probleem van konflik tussen wetenskap en geloof is die volgende vir my opvallend:

1. Durand is uiters negatief oor die bydrae van Christene tot die gesprek. Hy noem die Christelike bydrae in die verlede beterweterig, verwaand en bo alle twyfel vals. Waarom is hy so kritiese teenoor Christene maar verwaande, beterweterige ateïste wat valshede verkondig (bv die Piltdown-man en die hele kwessie rondom gemors-DNA) kom skotvry? Is hy bevooroordeel teenoor Christene? Hy is eweneens minagtend teenoor Christene wat geen konflik tussen geloof en wetenskap sien nie: Hy haal Foster, 'n teïstiese kreasionis aan oor "intelligent design" as dat dit 'n vyeblaar is om die wetenskaplike naaktheid van kreasionisme te probeer bedek. Dit is werklik jammer dat Durand duidelik geen persoonlike

- kennis van Intelligente Ontwerp het nie en hom op tweedehandse opinies daarvoor verlaat. Durand het duidelik onkrities in materialistiese propaganda ingekoop.
2. Durand verstaan myns insiens nie die aard van die “konflik” tussen geloof en wetenskap nie. John Lennox beskryf dit as 'n illusie. Volgens hom is dit 'n konflik tussen wêreldbeelde, die van ateïsme / materialisme teenoor teïsme. Stephen Meyer, 'n Intelligente Ontwerp navorser en wetenskapfilosoof stel dit meer duidelik: Mens kan die “wetenskap” op enige manier definieer sodat jy enigiets kan uitsluit as jy wil. Deel van die moderne definisie van “wetenskap” is metodologiese materialismeⁱ. Dit sluit die ingryp van 'n Ontwerper in die ontstaan van lewe by voorbaat uit. As jy die wetenskap in materialistiese, modernistiese terme definieer is daar noodwendig konflik tussen die “wetenskap” en die geloof. Dit is egter 'n vals voorstelling, want die ware konflik is tussen jou definisie van die wetenskap as metodologiese materialisme, en nie die wetenskap self nie, en die geloof. Die vraag is dus nie of 'n wetenskaplike model soos Intelligente Ontwerp “wetenskap” is volgens 'n spesifieke (materialistiese) definisie nie, maar of dit waar is, of, of dit waarskynlik waar is, of, of dit meer waarskynlik waar is as kompeterende wetenskaplike modelle.

Ek vind dus Durand se stelling van die probleem van konflik tussen wetenskap en geloof oppervlakkig en ontoereikend.

Durand se persoonlike opinie oor Teilhard is moeilik in die boek opspoorbaar. Regdeur die boek word Teilhard as 'n amper-heilige uitgebeeld, met geen verwysing na negatiewe persoonstrekke of gedrag nie. Wanneer kritiek teenoor Teilhard uitgespreek word is dit altyd uit die mond van die Roomse kerk. Op nie een plek in die boek spreek Durand persoonlik kritiek teen Teilhard of sy filosofie uit nie. Wat Durand werklik van Teilhard dink kom in die volgende teks duidelik uit:

Hoe spekulatief ook al, kan die grootsheid van die natuurwetenskaplike, teologiese en filosofiese ontwerp wat Teilhard deur 'n verbeeldingryke denkvermoë vir ons nagelaat het en die effek daarvan vir die Christelike geloof in 'n wêreld waar geloof en wetenskap in 'n voortdurende, maar soms onnodige stryd gewikkel is, nouliks onderskat word.

Durand sien Teilhard se filosofie as iets groots wat nouliks onderskat kan word.

Die doel van die boek is dus duidelik nie net om die leser bekend te stel aan Teilhardimse nie, maar om die leser – die NG Kerk lidmaat – (Die boek is deur die NG Kerk uitgegee en word grootliks aan NG lidmate bemark) te bekeer na Teilhardisme.

Hierdie moet gesien word in die konteks van die huidige teologiese klimaat in die NG Kerk.

1. Ben du Toit het in sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd”ⁱⁱ geskryf: “Op hierdie manier kan mens met die Godheid in 'n persoonlike verhouding leef en word sy spiritualiteit (die Gees van God) ook deel van die energieveld en atoomsamestelling van die mens.” Tydens die tugondersoek teen hom het hy ontken dat hy 'n panenteïs is, in direkte weerspreking van bogenoemde stelling in sy boek. Hierdie weerspreking is nie tydens die ondersoek opgelos nie.ⁱⁱⁱ Prof Nelus Niemandt het na afloop van die tugondersoek waarin du Toit onskuldig bevind is gesê: “Du Toit se standpunte val binne die raamwerk van die NG Kerk en hy is nie skuldig nie.”^{iv}
2. Prof Julian Muller het panenteïsme openlik verkondig in sy boek “Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis.”^v
3. Ten spyte daarvan dat Muller hierdie heidense wêreldbeeld verkondig het is hy bevorder tot vise-dekaan van Tukkies se teologie departement.

4. Terwyl Muller vise-dekaan van Tukkies se teologie departement was het Prof Nelus Niemandt op Hoëveld Sinode verklaar “Daar is nie dwaalleer by Tukkies nie.”^{vi} Mens moet dus aanneem dat hy nie panenteïsme as dwaalleer sien nie.
5. Die Algemene Sinode van 2011 het besluit dat daar ruimte is vir mense in die NG Kerk wat nie die duiwel as 'n persoonlike wese sien nie – hierdie is 'n belangrike onderdeel van panenteïsme.^{vii}
6. Dr Pieter Fourie, uitvoerende hoof van Bybel Media het 'n artikel in Kerkbode publiseer waarin hy die “hemel as 'n plek” en dus by logiese implikasie die opstanding van die vlees ontken.^{viii} Die ontkenning van die liggaamlike opstanding is 'n belangrike onderdeel van panenteïsme (alhoewel sommige panenteïste dit bevestig.)
7. Jaap Durand het onlangs 'n artikel in Kerkbode publiseer waarin hy die bestaan van die hel ontken. Die ontkenning van die ewige verdoemenis is 'n belangrike onderdeel van panenteïsme.^{ix}
8. Mistiese praktyke wat ekwivalent is aan die van die New Age beweging maar met “Christelike” terme versier word word al meer en meer deur mense in die NG Kerk verkondig. Daar was tot onlangs dokumente op die Ooskaap Sinode se webwerf wat Lectio Divina, 'n vorm van meditasie, verkondig. Mistisisme is onverenigbaar met die evangelie en is 'n belangrike deel van die panteïstiese en panenteïstiese wêreldbeeld. Dit is saam met die vergoddeliking van die mens die tweede pilaar van New Age filosofie en praktyke.

Die konteks van Jaap Durand se boek in ag genome wil dit dus lyk asof daar 'n besliste poging is om die dwaling van panenteïsme aanvaarbaar te maak in die NG Kerk.

Feite oor Teilhard wat Durand grootliks verswyg

Teilhard as New Age guru

Teilhard de Chardin word beskou as een van die vaders van die New Age beweging.

Marilyn Ferguson, 'n voorvegter van die New Age, het in 1989 in haar boek “The Aquarian Conspiracy: Personal and Social Transformation in the 1980's” ‘n inleiding tot en opsomming van die New Age beweging gegee. In die boek plaas sy Teilhard in ‘n sentrale posisie in die ontwikkeling van die New Age beweging.

Eerstens beskryf sy Teilhard ‘n profeet van die New Age. Kyk wat skryf sy (beklemtoning myne):

Teilhard prophesied the phenomenon central to this book: a conspiracy of men and women whose new perspective would trigger a critical contagion of change. Throughout history virtually all efforts to remake society began by altering its outward form and organization. It was assumed that a rational social structure could produce harmony by a system of rewards, punishments, manipulations of power. But the periodic attempts to achieve a just society by political experiments seem to have been thwarted by human contrariness... And now what? The Aquarian Conspiracy represents the Now What. We have to move into the unknown: The known has failed us too completely.^x

En verder (beklemtoning myne):

Although many resist the idea that mind evolves, he said, it will gain eventual acceptance. "A truth once seen, even by a single mind, always ends by imposing itself on the totality of

human consciousness." Evidence for this evolutionary thrust was issuing from all the sciences, he said, and those who refused to see it were blind. "Evolution is a condition to which all theories must bow, a curve all lines must follow." No one can call himself modern who disregards this evolutionary thrust, he said. To our descendants it will be as familiar and instinctive an idea as the third dimension of space is to a baby.

The Phenomenon of Man was limited to private circulation during Teilhard's lifetime because the church forbade him to publish it. In it, he warned that a mind awakened to this evolutionary concept may experience fear and disorientation. It must create a new equilibrium for everything that had once been tidy in its inner world. "It is dazzled when it emerges from its dark prison."

There is now incontrovertible evidence that we have entered upon the greatest period of change the world has ever known, he said. "The ills from which we are suffering have had their seat in the very foundation of human thought. **But today something is happening to the whole structure of human consciousness. A fresh kind of life is starting.**" We are the children of transition, not yet fully conscious of the new powers that have been unleashed: "There is for us in the future not only survival but superlife."^{xi}

Verder beweer sy dat Teilhard die skrywer was wat die grootste invloed op New Age leiers wie sy in haar navorsing ondervra het se denke gehad het.

Teilhard was the individual most often named as a profound influence by the Aquarian Conspirators who responded to a survey (see Introduction and Appendix). His books, once repressed, have now sold many millions and have been translated into virtually every language. The next most frequently mentioned influences are Aldous Huxley, Carl Jung, and Abraham Maslow.^{xii}

Constance Cumbey, 'n Christen apologet, skryf in haar boek oor die New Age die volgende:

Contrary to the assertions of New Agers that their conspiracy lacks dogma, there is a discernible body of teachings dominant within the Movement. While many paths may be employed to reach the trance-like state they encourage, once that state is reached, the paths are nearly identical from that point forward. As Alice Bailey said, "[T]he emphasis in all esoteric schools is necessarily, and rightly, laid upon meditation."

Besides the writings of Helena Petrovna Blavatsky and Alice A. Bailey, **the bulk of New Age doctrine is derived from the works** of George Gurdjieff, **Pierre Teilhard de Chardin**, P.D. Ouspensky, H.G. Wells, Nicholas Roerich, (the Agni Yoga teachings), and David Spangler.^{xiii}

En Cooper skryf in skryf in "Panentheism: The other god of the philosophers - from Plato to the present."

The cosmic evolutionary spirituality of Pierre Teilhard de Chardin (1881-1955) is heir to the legacy of Christian Neoplatonism and is shaped by the philosophy of Henri Bergson. Teilhard has had a broader impact than any other twentieth-century panentheist. Far beyond academic theologians and intellectual devotees, his perspective has inspired progressive forces in the Roman Catholic Church since Vatican. **Much liberation, feminist, and ecological theology builds on his panentheistic vision. He is widely regarded in**

interreligious and non-Christian circles as a model for integrating spirituality with current postmodern worldviews.^{xiv}

Teilhard se wêreldbeeld

Genesis 3:4 Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.”

Teilhard se wêreldbeeld is panenteïsties. Dit beteken dat hy die ontologiese^{xv} skeiding tussen God en skepping ontken. Die skepping bestaan uit die substans van God. Die skepping is in wese deel van God. Die skepping is in evolusie (terug) na God: Die vereniging van die skepping met Christus. Teilhard noem dit die Omegapunt.

Saam met die satan se ontkenning van die hel (“julle sal beslis nie sterf nie”) is die oudste leuen: “Julle sal soos God wees...” Teilhard verkondig soos alle panenteïste die leuen dat die mens is wese God is of sal wees.

Teilhard se evolusie begin met kosmogeenese. Dit beteken dat materie uitkristaliseer uit psigiese energie. Materie en gees is state van dieselfde kosmiese (goddelike) substans soos water en stoom state van die substans H₂O is. Die Omega is transendent en ewig, dus god. Die skepping van materie is dus 'n uitvloeïing of uitkristalisasie van god se substans. Uit materie ontstaan lewe as onvermydelike evolusionêre gevolg. Hierdie proses staan bekend as biogenese. Lewe vorm 'n kors om die aarde as die biosfeer. Primitiewe lewe evolueer verder totdat dit bewussyn bereik (noögenese). Soos die biosfeer word die aarde bedek deur 'n bewuste kors, die noösfeer. Die volgende stap is christogenese. Met hierdie proses maak die mens, en die kollektiewe bewussyn 'n kwantumsprong van biologiese evolusie na spirituele evolusie. Uiteindelik word die kollektiewe bewussyn of gees van die mensdom in die Omegapunt herverenig met die kosmiese Christus.

Wat van sonde? Soos Durand in sy boek verduidelik, beskou Teilhard die sonde as die onvermydelike falings van die evolusionêre proses. Daar was dus geen sondeval nie. Mens moet aflei dat sonde dus nie werklik 'n kwessie van moraliteit is nie. Gedrag wat die gevolg van genetiese kode en fisiologiese prosesse is dra tog nie morele aanspreeklikheid nie! Die gevolg van hierdie siening van die sonde is dat daar nie 'n verlosser nodig is nie. Teilhard se verlossingsleer is evolusionêr. Die mensdom is spontaan besig om terug te evolueer na God toe.

En waar kom Christus se menswording en sterwe aan die kruis dan in? In Christus reik die transendente God volgens Teilhard uit na die materiële skepping: Die geïnkarnearde Christus is dus die anker wat die skepping aan die toekomstige Omegapunt vasknoop, en as't ware voortsleep na die uiteindelijke konsummasie van die evolusieproses. Daar is dus nie sprake van God se heilige woede oor die sonde wat uitgewoed is op Christus nie. Daar is nie sprake dat Christus deur Sy dood ons losgekoop het van die sonde deur die losprys te betaal nie. Daar is nie sprake van regverdigmaking, omdat Christus ons straf gedra het nie. Daar is slegs versoening, maar nie versoening tussen mense wat as gevolg van hulle sonde verwyder is van hulle God, en hulle God nie. Die verwydering van tussen mense en hulle god in Teilhard se weergawe van die heelal is maar net verwydering as gevolg van die skepping: Materie is uit die aard van die skepping verwyder van die geestelike en moet terugkeer na die geestelike.

Teilhard is baie versigtig, soos Durand opmerk, om hom teen aantygings van Oosterse panteïsme te verdedig. Uit Durand se boek lyk dit asof Teilhard hom van alle vorme van panteïsme distansieer

het – dit is volgens Cooper nie waar nie^{xvi}: Teilhard het homself 'n “Christelike panteïs” genoem. Ek kan nie help om te wonder of Durand met opset 'n vals voorstelling hier maak nie – miskien om Teilhard se duidelik heidense wêreldbeeld bietjie te verdoesel.

Die probleem is dat die woord “panenteïsme” nog redelik onbekend was in die eerste helfte van die twintigste eeu. Gresham Machen verwys in sy 1923 boek na “pantheizing” teologie om panenteïsme te beskryf: Al het hy nie 'n woord daarvoor nie is hy bewus daarvan dat dit nie heeltemal panteïsme is nie, maar amper!

And modern liberalism, even when it is not consistently pantheistic, is at any rate pantheizing. It tends everywhere to break down the separateness between God and the world, and the sharp personal distinction between God and man. Even the sin of man on this view ought logically to be regarded as part of the life of God. Very different is the living and holy God of the Bible and of Christian faith.^{xvii}

Teilhard verskil van Oosterse panteïsme (en dus bv die Buddhisme) op 'n paar belangrike maniere. Eerstens is Teilhard se god transendent en persoonlik. In Buddhisme is die godheid slegs immanent en onpersoonlik, dus sinoniem met die skepping. Die tweede verskil tussen Teilhard en panteïsme is die voortbestaan van die individuele persoon na samesmelting die godheid. Vir Teilhard is daar dus nie, soos in Buddhisme, 'n vernietiging van individuele persoonlikhede in die eenwording met die godheid nie. En volgens Teilhard is die skepping se geskiedenis liniër, en nie ewig herhalend soos in Buddhisme nie.

Die belangrike ooreenkomste met Oosterse filosofie is dat God en die skepping in wese of substans een is, en dat God onvermydelik moet skep. 'n New Age vriend van my en aanhanger van Teilhard het in die tagtigs vir my gesê “The creator, creating, is created.” Of hy Teilhard aangehaal het weet ek nie, maar dit is beslis die strekking van Teilhard se Christogenetiese proses!

Die New Age wêreldbeeld

Ken Wilber word beskou as een van die mees invloedryke filosowe van die New Age beweging. 'n Sentrale punt van sy wêreldbeeld is die “Great Chain of Being”. Materie is die mees basiese vorm van bestaan, daaruit groei lewe, bewussyn en uiteindelik die siel en gees. Omdat Wilber 'n panteïs is, is die siel/gees ekwivalent aan “god”.

Central to the perennial philosophy is the notion of the Great Chain of Being. The idea itself is fairly simple. Reality, according to the perennial philosophy, is not one-dimensional; it is not a flatland of uniform substance stretching monotonously before the eye. Rather, reality is composed of several different but continuous dimensions. Manifest reality, that is, consists of different grades or levels, reaching from the lowest and most dense and least conscious to the highest and most subtle and most conscious. At one end of this continuum of being or spectrum of consciousness is what we in the West would call ‘matter’ or the insentient and the nonconscious, and at the other end is ‘spirit’ or ‘Godhead’ or the ‘superconscious’ (which is also said to be the all-pervading ground of the entire sequence) [...] Sometimes the Great Chain is presented as having just three major levels: matter, mind, and spirit.^{xviii}

In evolusionêre terme is dit identies aan Teilhard se wêreldbeeld.

Teilhard, die New Age en Mistisme.

Teilhard was 'n mistisist. Mistisisme is die proses waardeur die mens die godheid direk en intens ervaar. Dit veronderstel 'n transendensie of oorskryding van die normale menslike bewussyn, 'n wete wat buite die grense van die normale sintuie van die biologiese mens strek. Waar die mens se fisiese sintuie na buite gerig is, is die mistieke sintuig na binne gerig, na die gees. Bo alles veronderstel mistisisme dus dat die mens in wese god is. Margaret Smith (nie 'n Christen nie) skryf (beklemtone myne):

Secondly mysticism assumes that man must be partaker of the Divine nature – only if the self is real can it hope to know Reality, and so it assumes that every creature is by nature akin to the Creator, there is within every living soul a divine spark, that seeks re-union with the Eternal Flame. The mystics throughout the ages have contended that God Himself is “the ground of the soul” and that all men in the depth of their being have a share in one central, Divine, life. **By the mystic, God is realized as the “foundation of the soul's being” and that the perception of its own essence is, in fact, the perception of its unity with the Divine nature.**^{xix}

Dus is mistisisme volgens Smith slegs werklik moontlik in 'n panenteïstiese of panteïstiese wêreldbeeld. Alhoewel daar deur die eeue “Christelike mistisiste” was is dit redelik maklik om aan te toon dat al hierdie mense die Bybelse wêreldbeeld verwerp het ten gunste van een waar die mens deel van die godheid is. Die woorde “Christelike mistisisme” is dus 'n misleiding. Volgens hierdie definisie van Smith kan ware, weergebore Christene nie mistisiste wees nie.

Tog is mistisisme ook te vinde in die “Christelike” tradisie, veral in die Rooms Katolieke kerk. Smith skryf die volgende: (Beklemtone myne)

There is hardly any soil, be it so barren, where Mysticism will not strike root; hardly any creed, however formal, round which it will not twine itself. It is indeed the eternal cry of the human soul for rest; the insatiable longing of a being where infinite ideals are fettered and cramped by a miserable actuality; and so long as man is less than an angel and more than a beast, this cry will not for a moment fail to make itself heard. **Wonderfully uniform, too, whether it come from the Brahmin sage, the Persian poet, or the Christian quietist, it is in essence an enunciation more or less clear, more or less eloquent, of the aspiration of the soul to cease altogether from self and to be at one with God.**^{xx}

Mistisisme veronderstel dat die mens deur dissipline (reiniging en mistiese tegnieke) sy eie godheid kan ervaar. Die Bybel leer ons dat God deur Sy Heilige Gees in alle wedergebore Christene woon. Die Kerk van Christus is die manier waarop Christus in die wêreld manifesteer. Mistiese ervarings is oorbodig omdat wedergeborenes se eenheid met Christus en Sy liggaam 'n voldwonge feit is. Hierdie eenheid met Christus is altyd 'n relasionele of verhoudingseenheid en nooit 'n ontologiese of wesenseenheid nie.

Die intense ervarings wat wedergebore Christene tydens aanbidding ervaar, die voortdurende teenwoordigheid van God wat hulle in hulle daaglikse lewe ervaar verskil radikaal van mistisisme. In mistisisme gaan dit oor die ervaring van jou eie transendensie en godheid. Dit is dus in wese 'n vorm van self-aanbidding. Vir die Christen gaan dit nie primêr oor 'n ervaring nie, maar oor 'n verhouding met die Gans Andere, die Skepper van die heelal wat in intieme verhouding met Sy kinders staan.

Vir die mistisis is die ervaring die belangrikste, en tegnieke soos joga, meditasie of selfs hallusinogene dwelms word gebruik om die ervaring te fabriseer. Vir die Christen gaan dit oor 'n verhouding en dus kommunikasie met 'n Persoon, nie die ervaring nie. As bewys hiervoor: Buddhisme ontken dat die godheid persoonlik is. Daar kan dus nie kommunikeer word met 'n godheid buite jouself nie. Tydens 'n tipiese mistiese ervaring ervaar jy jou eie godheid. En “Christelike” mistiese tegnieke is so te sê identies aan Buddhistiese praktyke wat die onderliggende resep betref. Dit is net die versiersuiker se kleur en geur wat verskil.

Meditasietegnieke kan mens net so min help om met God te kommunikeer as wat meditasie tegnieke 'n man kan help om met sy vrou te kommunikeer. Mistisisme is iets wat mense doen, die weergebore Christen ontvang die Heilige Gees as genadegawe van God.

Levitikus 20:23 Julle mag nie die gebruike van die nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf, navolg nie. Ek het juis 'n afsku van hulle gekry omdat hulle al hierdie dinge doen.

God lys hier in Levitikus 'n reeks sondes wat die plaaslike bewoners van Kanaän bedryf het, insluitend godsdienstige praktyke, onder andere die oproep van dooies en geeste. En dan maak Hy 'n algemene reël: Jy mag nie die praktyke van die heidene nadoen nie. “Christelike” mistiese praktyke soos meditasie, “ingaan in die Stilte” en die opsê van mantras (bv lectio divina) is identiese aan heidense New Age praktyke, soos Smith baie duidelik in haar artikel aantoon. Dit kan nie geheilig word deur die woord “Christelike” daaraan te heg nie. As dit lyk soos heidense meditasie, al kom die woorde wat as mantras geruik word uit die Bybel, as dit lyk soos joga, as dit lyk soos heidense tegnieke om die “stilte in te gaan” verbied God dit as heidense godsdienstige gebruike.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat mistiese ervarings (of dit nou heidens of “Christelik” is) outentiek is. Maar die gees waarmee die mistisis kontak maak is misleidende demone. Dit is waarom dit so belangrik is vir die liberale “Christene” vandag om die bestaan van demone te ontken! As die duiwel en sy demone nie bestaan nie is daar nie so iets soos vals mistiese ervarings nie!

Daar is baie doktrinêre variasie in die New Age beweging, maar die twee basiese punte vorm die fondament van wat hulle glo. Die eerste dat is dat die mens in wese god is (panteïsme of panenteïsme, dit maak nie saak watter nie) en die tweede is dat die mens homself deur verhoogde of veranderde bewussyn kan transendeer en eenheid met die godheid (homself) kan ervaar, beleef en leef.

Teilhard se konsep van die noösfeer en die transendensie van persoonlike bewussyn en samesmelting van die kollektiewe bewussyn met Christus in die Omegapunt is dus in wese 'n mistiese wêreldbeeld, dit verklaar sy geweldige invloed op die denke van die New Age beweging. Die woorde “Cosmic Christ” en “Christ Consciousness” is standaard New Age terme wat direk afgelei word uit Teilhard se filosofie en wêreldbeeld, maar dit verwys geensins na die Christus van die Bybel nie. Intendeel, die New Agers verwys hier na Maitreya, duidelik in die Bybel identifiseerbaar as die antichris.

Gevolgtrekking

Bybel Media se publikasie van hierdie boek is sorgwekkend, omdat dit nie in isolasie gebeur het nie maar deel is van 'n duidelike proses waardeur heidense teologie en filosofie in die NG Kerk ingevoer word.

Ek kan maar net bid dat die NG Kerk haar koers terug sal vind na die Bybel en belydenisskrifte.

Wynand Louw
Julie 2013

Notas

ⁱ Meyer, S; Darwin's Doubt. The explosive origin of animal life and the case for intelligent design; Harper Collins; 2013

ⁱⁱ Du Toit, BJ. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Christen Lektuur Fonds. 2000

ⁱⁱⁱ Sien asseblief my persoonlike verslag van die tugondersoek, waarin ek as klaer opgetree het. Die verbatim transkripsies van die ondersoek is ook by die skakel beskikbaar. <http://hierstaanek.com/2013/05/19/die-uitkoms-van-die-dwaalleer-tug-ondersoek-teen-dr-ben-du-toit/>

^{iv} <http://www.dieburger.com/nuus/2013-04-23-ongegronde-klagte-benadeel-evangelie-moderator>

^v Muller, J. Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis. Tafelberg. 2011. Sien ook sy artikel by <http://julianmuller.co.za/panenteisme-n-nuwe-verstaan-van-god-vir-n-nuwe-tyd.html>

^{vi} Jackson, N; Dwaalleer: Aanval op moderator 'pynlikste'. Beeld, 19 April 2012 Prof. Nelus Niemandt, moderator van die algemene sinode van die NG Kerk, het 'n persoonlike aanval op hom gister bestempel as die pynlikste oomblik wat hy die afgelope 30 jaar op sinodesittings beleef het. Dit het gekom in 'n debat van die kerk se Hoevelsinode oor lidmate se kommer oor beweerde dwaalleer in openbare uitstrake van die kerk se teologie. Niemandt het onder meer verwys na 'n video wat in die kerk versprei is waarvan die inhoud volgens hom as leuens ontbloot is. Hy het verwys na verskeie kerklik prosesse wat daarop dui dat daar nie rede tot kommer is oor die teologie van veral die teologie-fakulteit aan die Universiteit van Pretoria nie. Dit sluit in: Tugondersoeke teen dosente, appelsake, ondersoeke deur die kuratorium wat toesig hou oor teologiese opleiding, en 'n gesprek met die ring van Soutpansberg, wat 'n vroeëre vertrouensbreuk met die fakultet opgehef het nadat hulle hul kommer met dosente bespreek het. Al die prosesse het gelei tot bevindings dat daar nie dwaalleer is nie. Niemandt het gese mense wat nie al die bevindings wil aanvaar nie, "blaf teen die verkeerde boom" as hulle weer 'n leerondersoek wil laat doen.

^{vii} Jackson, N; NG Kerk laat ruimte vir botsende sienings oor duiwel; BEELD 22/10/201; Die NG Kerk se algemene sinode het gister ruimte gelaat binne die kerk vir mense wat glo die duiwel en demone bestaan as persone en vir diegene wat dit nie glo nie. Waaroor almal saamstem is dat die boosheid 'n werklikheid is, dat dit reeds deur Jesus Christus oorwin is, maar dat gelowiges steeds 'n geestelike stryd teen boosheid voer. Oor die aard van die boosheid was daar egter uiteenlopende sieninge. Prof. Johan van Rensburg van Bloemfontein het gese die Nederlandse Geloofsbelijdenis verwys na gevalle engele wat as demone funksioneer. "Ons kan nie se jy hoef nie die deel van die NGB te glo nie," het Van Rensburg gese. Hy het ook opgemerk dat 'n mens die Bybelboek Judas verwerp as jy nie die bestaan van duiwels of demone aanvaar nie. Daarteenoor het dr. Ben du Toit van die Wes- en Suid-Kaapse sinode gese hy glo nie in die bestaan van die duiwel nie. Hy aanvaar die bestaan van die bose en die verlossing van Jesus Christus egter absoluut. Hy het gepleit dat daar ook vir mense soos hy ruimte geskep sal word. Dr. James Kirkpatrick van Suidoos-Pretoria het hom by Du Toit geskaar en gese die siening berus op 'n ernstige vertolking van die Bybel en die belydenisskrifte. Die sinode het besluit daar is ruimte in die kerk vir albei die sienings. Die sinode het ook ruimte gemaak vir 'n bediening van bevryding waardeur duiwels uitgedryf word binne die NG Kerk. Die sinode het egter gemaak dat dit 'n buitengewone bediening moet bly en 'n rits voorwaardes daarvoor gestel. Dit sluit onder meer in dat 'n predikant dit onder toesig van sy kerkraad en ring moet doen en dat die betrokke persone ook vir mediese evaluasie verwys moet word.

^{viii} Fourie, P; Hemel in die Bybel; Kerkbode 26/02/2013; <http://kerkbode.co.za/hemel-in-die-bybel/>

^{ix} Durand J; Enkele perspektiewe oor die vraag na die hel; Kerkbode 21/06/2013; <http://kerkbode.co.za/enkele-perspektiewe-oor-die-vraag-na-die-hel/>

^x Ferguson, M; The Aquarian Conspiracy: Personal and Social Transformation in the 1980's; Tarcher; Eerste uitgawe; 1980; Bl25 (Die boek se laterere uitgawes (die laaste in 2009) se titel is The Aquarian Conspiracy: Personal and Social Transformation in Our Time)

^{xi} Ibid. Bl 50.

^{xii} Ibid. Voetnota Bl 50

^{xiii} Cumbe, C; The hidden Dangers of the Rainbow. The New Age movement and our coming age of barbarism. Huntington House; Eerste uitgawe; 1983

^{xiv} Cooper, J; Panentheism, The Other God of the Philosophers; Baker Academic; 2008

^{xv} Ontologie is die studie van iets se wesensbestaan: Die ontologie van water is waterstof en suurstofatome wat bind om watermolekules te vorm. Volgens Wikipedia: "Ontology is the [philosophical](#) study of the nature of [being](#), [becoming](#), [existence](#), or [reality](#), as well as the basic [categories of being](#) and their relations. Traditionally listed as a part of the major branch of philosophy known as [metaphysics](#), ontology deals with questions concerning what [entities](#) exist or can be said to exist, and how such entities can be grouped, related within a [hierarchy](#), and subdivided according to similarities and differences."

^{xvi} Cooper, J; Panentheism, The Other God of the Philosophers; Baker Academic; 2008. (Beklemtoning is myne.)

Teilhard repeatedly identifies himself as a "Christian pantheist" while rejecting other forms of pantheism and monism. He rejects the identification of God with nature and the absorption of nature into God because both eliminate love: "Pantheism of identification, at the opposite pole from love: 'God is all.' And pantheism of unification, beyond love: 'God all in all.'" Teilhard's alternative, a Christian "pantheism of differentiation," aims to avoid both mistakes and to recognize that love is essential: "Christianity has... equilibrium ... of unification and synthesis: God finally becoming all in all within an atmosphere of pure charity. In that magnificent definition of the pantheism of differentiation is

Notas

expressed ... the very essence of Christ's message." Similarly, The Human Phenomenon expresses "a very real 'pantheism,' if you will (in the etymological sense of the word), but absolutely legitimate, since ultimately, if the reflective centers of the world are really 'one with God,' this state is not obtained by identification (God becoming all), but by the differentiating and communicating action of love (God all in all)-and this is fundamentally orthodox and Christian. Ultimately humans commune in God but are not absorbed by him. Teilhard is a panentheist precisely because his "pantheism of differentiation" includes a sufficient ontology of the many within the One. Creatures are distinct from God because, according to his metaphysics of union, for creatures, "to be is to be unified." Thus they are distinct from God, the Unifier. All the creatures in the cosmos, not just humans, are real beings-individualizations of tangential and radial energy-distinct from God. In addition, the future Omega will consist of human persons participating permanently in the ultimate Person. At the same time, creatures literally exist in God. From the beginning of creation, the God who transcends the world generates prime matter and embodies himself in the emerging cosmos. In Christ, God is in all things, and all things are in God. But the immanent God also transcends the world. From Alpha to Omega, God as Christ is the One in whom All exist. **Teilhard's "pantheism" is clearly panentheism even though he does not use the term.**

^{xvii} Machen, JG; Christianity and Liberalism; WM. B. Eerdmans Publishing Company; 1923

^{xviii} Wilber, K; The Essential Ken Wilber: An Introductory Reader; Shambhala; 1998

^{xix} Smith, M; The Nature and Meaning of Mysticism in Understanding Mysticism; redakteur Richard Woods; The Athlone Press; 1980

^{xx} E.G Browne in A Year among the Persians aangehaal deur Smith in The Nature and Meaning of Mysticism in Understanding Mysticism; redakteur Richard Woods; The Athlone Press; 1980